# RPO Markverslag

## Week 10 van 2026

Week geëindig op 6 Maart 2026






**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 6 Maart 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| **Speenkalf (R/kg)** | **R40.64** | **0.5%** | **2.9%** | **21.2%** |
| **A2 (R/kg)** | **R62.29** | **-0.1%** | **-3.1%** | **12.1%** |
| **B2 (R/kg)** | **R57.28** | **0.6%** | **-2.5%** | **18.0%** |
| **C2 (R/kg)** | **R56.01** | **0.8%** | **-1.2%** | **18.9%** |

## Speenkalwers

Die speenkalfprys het in Week 10 met 0.5% gestyg teenoor die vorige week en is tans 21.2% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan ‘n volgehoue laer aanbod op speenkalwers tans in die mark terwyl ons wag vir speentyd om aan te breek. Die verwagting is dat die prys ‘n moontlike dalende tendens kan volhou tot in Mei, soos speentyd `n aanvangs neem. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in April ongeveer R38/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R35/kg en nie hoër as R42/kg behoort te wees nie.




## A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 10 redelik onveranderd gebly teenoor die vorige week en is tans 12.1% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die verwagting is dat die prys ‘n moontlike stygende tendens kan ingaan met die aanloop na Paasfees en die tendens volhou tot in April. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in April ongeveer R67/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R60/kg en nie hoër as R74/kg behoort te wees nie.


RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO

# RPO Markverslag


## Week 10 van 2026

Week geëindig op 6 Maart 2026




**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 6 Maart 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R47.37 | -0.5% | 2.9% | 14.2% |
| A2 (R/kg) | R101.45 | -1.1% | -1.9% | 0.8% |
| B2 (R/kg) | R77.24 | -6.0% | -5.3% | 5.3% |
| C2 (R/kg) | R79.19 | -3.6% | -2.5% | 20.7% |





## Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 10 met 0.5% gedaal teenoor die vorige week en is ongeveer 14.2% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die prys het, soos verlede jaar, uit die wiplank-effek gekom wat gewoonlik Februarie plaasvind. Die verwagting is dat die prys ‘n moontlike stygende tendens kan volhou tot in Junie soos die aanbod op stoorlammers verminder tydens die winter. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in April ongeveer R48/kg te wees, terwyl dit nie laer as R44/kg en nie hoër as R52/kg behoort te wees nie.

## A2 Lamkarkasse

Die A2 lamkarkasprys het in Week 10 met 1.1% gedaal teenoor die vorige week en is nou slegs ongeveer 0.8% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan swakker vraag met die oorlog in Iran en uitvoere van lamvleis wat beïnvloed word. Die verwagting is dat die prys ‘n stygende tendens kan volhou vir die volgende 4 maande soos die aanbod op lamkarkasse verminder tydens die winter. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in April ongeveer R101/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R94/kg en nie hoër as R109/kg behoort te wees nie.




RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO